Beginning at the south-western beacon of Portion 1 (Waterval-Boven) (Diagram S.G. A.1511/97) of the farm Doornhoek 344-J.T.; thence north-westwards in a straight line to Beacon lettered U1 on Diagram S.G. A.1069/52 of Portion 74 of the farm Doornhoek 344-J.T.; thence north-eastwards in a straight line to a point lettered T5 on Survey Records 1875/39; thence south-eastwards in a straight line at right angles to the line joining said Beacon U1 with the said Point T5 to where it intersects the middle of the Elands River; thence generally north-eastwards and south-eastwards along the middle of the said Elands River to where it is intersected by the prolongation eastwards of the southern boundary of Portion 105 (Diagram S.G. A.3795/60) of the farm Doornhoek 344-J.T.; thence south-westwards in a straight line to the south-eastern beacon of Portion 88 (Diagram S.G. A.3072/55) of the farm Doornhoek 344-J.T.; thence north-westwards and south-westwards along the boundaries of the following portions of the farm Doornhoek 344-J.T. so as to include them in this area: the said Portion 88; Portion 87 (Diagram S.G. A.3071/55), Portion 86 (Diagram S.G. A.3070/55), Portion 92 (Diagram S.G. A.7774/55) and Portion 1 (Waterval-Boven) (Diagram S.G. 1511/97) to the south-western beacon of the lastnamed portion, the place of beginning.

B. Gebied waarvoor die Gesondheidskomitee van Pongola ingestel is:

Gedeelte 4 van die plaas Pongola 61-H.U. vergelyk Kaart L.G. A.238/54, groot 153,0864 ha.

No. 240 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance," 1904, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Alberton.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 26ste dag van Oktober, Eenduisend Negehoenderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 3-6-6-2-4-7

BYLAE.

MUNISIPALITEIT ALBERTON: PROKLAMERING VAN PAD.

'n Pad oor —

- (a) Erf No. 1836 in die dorp Verwoerdpark Uitbreiding No. 7 soos meer volledig aangedui deur die letters A B C op Kaart L.G. No. A.5303/75;
- (b) Gedeelte 1 van Erf No. 1837 (Park) in die dorp Verwoerdpark Uitbreiding No. 7 soos meer volledig aangedui deur die letters A B C op die Kaart L.G. No. A.2128/76;
- (c) Gedeelte 368 van die plaas Elandsfontein No. 108-I.R. soos meer volledig aangedui deur die letters A B C D E F G op Kaart L.G. No. A.5301/75 Vel No. 1;
- (d) Gedeelte 340 van die plaas Elandsfontein No. 108-I.R. soos meer volledig aangedui deur die letters A B C D E F G H J K L M N O P Q R op Kaart L.G. No. A.5300/75 Vel No. 1;
- (e) Gedeelte 1 van Erf 1499 (Park) in die dorp Verwoerdpark Uitbreiding No. 4 soos meer volledig aangedui deur die letters A B C D op Kaart L.G. No. A.2126/76;
- (f) die Restant van Gedeelte 222 van die plaas Elandsfontein No. 108-I.R. soos meer volledig aangedui deur die letters A B C D E F G op Kaart L.G. No. A.5299/75;
- (g) die Restant van Gedeelte 28 van die plaas Roodekop No. 139-I.R. soos meer volledig aangedui deur die letters A B C D E op Kaart L.G. No. A.5302/75; en
- (h) die Restant van Gedeelte 111 van die plaas Elandsfontein 108-I.R. soos meer volledig aangedui deur die letters A B C D E op Kaart L.G. No. A.5298/75.

B. Area for which the Pongola Health Committee is established:

Portion 4 of the farm Pongola 61-H.U. vide Diagram S.G. A.238/54 in extent 153,0864 ha.

No. 240 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Alberton.

Given under my Hand at Pretoria, this 26th day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-6-6-2-4-7

SCHEDULE.

ALBERTON MUNICIPALITY: PROCLAMATION OF ROAD.

A road over —

- (a) Erf No. 1836 in the town Verwoerdpark Extension No. 7 as more fully described by the letters A B C on Diagram S.G. No. A.5303/75;
- (b) Portion 1 of Erf No. 1837 (Park) in the town Verwoerdpark Extension No. 7 as more fully described by the letters A B C on Diagram S.G. No. A.2128/76;
- (c) Portion 368 of the farm Elandsfontein No. 108-I.R. as more fully described by the letters A B C D E F G on Diagram S.G. No. A.5301/75 Sheet No. 1;
- (d) Portion 340 of the farm Elandsfontein No. 108-I.R. as more fully described by the letters A B C D E F G H J K L M N O P Q R on Diagram S.G. No. A.5300/75 Sheet No. 1;
- (e) Portion 1 of Erf 1499 (Park) in the town Verwoerdpark Extension No. 4 as more fully described by the letters A B C D on Diagram S.G. No. A.2126/76;
- (f) the Remainder of Portion 222 of the farm Elandsfontein No. 108-I.R. as more fully described by the letters A B C D E F G on Diagram S.G. No. A.5299/75;
- (g) the Remainder of Portion 28 of the farm Roodekop No. 139-I.Q. as more fully described by the letters A B C D E on Diagram S.G. No. A.5302/75; and
- (h) the Remainder of Portion 111 of the farm Elandsfontein No. 108-I.R. as more fully described by the letters A B C D E on Diagram S.G. No. A.5298/75.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 1491 17 November 1976

MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN PARKEERTERREINVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Parkeerterreinverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 14 van 3 Januarie 1973, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 onder Bylae II deur die volgende te vervang:

"2. Burgersentrum: Per dag of gedeelte daarvan: 30c".

PB. 2-4-2-125-4

Administrateurskennisgewing 1492 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BARBERTON: WYSIGING VAN STADSAALVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende die Huur van die Stadsaal en/of Ander Vertrekke in die Munisipale Gebou van die Munisipaliteit Barberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 237 van 7 Julie 1943, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 12 van die Tarief van Gelde onder Deel I van die Bylae deur die volgende te vervang:

"12. In die geval van geregistreerde Welsynsorganisasies word die gewone toepaslike tarief ingevolge hierdie Tarief van Gelde, min 50%, gevorder."

PB. 2-4-2-94-5

Administrateurskennisgewing 1493 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 166 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 597 van 24 Desember 1941, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur aan die end van Skedule L onder Aanhangsel I die volgende by te voeg:

"Hirastraat — noord na suid.

Laherstraat — suid na noord.

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 1491 17 November, 1976

ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PARKING GROUNDS BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Parking Grounds By-laws of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 14, dated 3 January, 1973, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 2 under Schedule II of the following:

"2. Civic Centre: Per day or part thereof: 30c."

PB. 2-4-2-125-4

Administrator's Notice 1492 17 November, 1976

BARBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TOWN HALL BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Governing the Hire of the Town Hall and/or other Rooms in the Municipal Building, of the Barberton Municipality, published under Administrator's Notice 237, dated 7 July, 1943, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 12 of the Tariff of Charges under Part I of the Schedule of the following:

"12. In the case of registered Welfare Organisations, the normal applicable tariff in terms of this Tariff of Charges, less 50%, shall be charged."

PB. 2-4-2-94-5

Administrator's Notice 1493 17 November, 1976

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 166 of the Road Traffic Ordinance, 1966, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Traffic By-laws of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 597, dated 24 December, 1941, as amended, are hereby further amended by the addition at the end of Schedule L under Annexure I of the following:

"Hira Street — north to south.

Laher Street — south to north.

Cranbournelaan — oos na wes tussen Oosstraat en Kimboltonstraat.

Horsfallstraat — noord na suid tussen Cranbournelaan en Prince'slaan.

Woburnlaan — wes na oos tussen Wilsteadstraat en Kimboltonstraat.

Oosstraat — suid na noord tussen Prince'slaan en Cranbournelaan."

PB. 2-4-2-98-6

Administrateurskennisgewing 1494 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 825 van 26 Oktober 1966, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikels 1, 2(8) en 2(9) die woord "organisator", waar dit ook al voorkom, deur die woord "Direkteur" te vervang.

2. Deur artikel 6 deur die volgende te vervang:

"6. Indien 'n lid nie 'n boek wat teen sy bewys van lidmaatskap geleen is, binne die tydperk vermeld in artikel 5 of enige tydperk ingevolge die voorbehoudsbepaling by daardie artikel deur die raad bepaal, na gelang van die geval, terugbesorg nie, is so 'n lid aanspreeklik vir die betaling aan die raad van 'n boete van tien sent vir elke week of gedeelte daarvan wat so 'n lid versuim om so 'n boek terug te besorg."

PB. 2-4-2-55-6

Administrateurskennisgewing 1495 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 787 van 18 Oktober 1950, soos gewysig, word hiermee verder gewysig deur die Watertarief onder Aanhangel I van Bylae I by Hoofstuk 3, soos volg te wysig:

1. Deur items 1, 2 en 3 deur die volgende te vervang:

"1. Alle verbruikers, uigesonderd Raadsdepartemente en massavoorsiening aan Actonville, Wattville en Daveyton:

(1) Per kl : 13,62c.

(2) Minimum heffing : 62c."

Cranbourne Avenue — east to west between Oos Street and Kimbolton Street.

Horsfall Street — north to south between Cranbourne Avenue and Prince's Avenue.

Woburn Avenue — west to east between Wilstead Street and Kimbolton Street.

Oos Street — south to north between Prince's Avenue and Cranbourne Avenue."

PB. 2-4-2-98-6

Administrator's Notice 1494 17 November, 1976

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Library By-laws of the Benoni Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 825, dated 26 October 1966, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in sections 1, 2(8) and 2(9) for the word "organizer" wherever it occurs, of the word "Director".

2. By the substitution for section 6 of the following:

"6. Should a member not return a book borrowed against his certificate of membership within the period stated in section 5 or any period determined by the council in terms of the proviso to that section, as the case may be, such member shall be liable for payment to the council of a fine of ten cents for every week or portion thereof during which such member fails to return such book."

PB. 2-4-2-55-6

Administrator's Notice 1495 17 November, 1976

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 787, dated 18 October 1950, as amended, are hereby further amended by amending the Water Tariff under Annexure I of Schedule I to Chapter 3 as follows:

1. By the substitution for items 1, 2 and 3 of the following:

"1. All consumers, with the exception of Council Departments and bulk supply to Actonville, Wattville and Daveyton:

(1) Per kl : 13,62c.

(2) Minimum charge : 62c."

2. Deur subitem (1) van item 7 deur die volgende te vervang:

"(1)(a) Die eienaar van enige van die landbouhoewes of gedeeltes van sodanige hoewes uiteengesit in paragrawe (a) tot en met (g) en (i) van subitem (2), betaal, benewens die toepaslike gelde betaalbaar ingevolge items 1 tot en met 4, 'n basiese heffing van R1,35 per maand ten opsigte van elke hoewe of gedeelte van 'n hoewe.

(b) Die eienaar van enige van die landbouhoewes of gedeeltes van sodanige hoewes uiteengesit in paragraaf (h) van subitem (2), betaal, benewens die toepaslike gelde betaalbaar ingevolge items 1 tot 4, 'n basiese heffing van R1,85 per maand ten opsigte van elke hoewe of gedeelte van 'n hoewe."

3. Deur na item 7(2)(h) die volgende in te voeg:

"(i) *Slaterville Landbouhoewes: Hoewe 11.*"

4. Deur in item 9 die uitdrukking "items 1 tot en met 6" deur die uitdrukking "items 1 tot en met 4" te vervang.

5. Deur die bestaande items 4, 5, 6, 7, 8, en 9 onderskeidelik te hernommer 2, 3, 4, 5, 6 en 7.

PB. 2-4-2-104-6

Administrateurskennisgewing 1496 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BOKSBURG: WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Boksburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 664 van 24 Junie 1970, soos gewysig word hierby verder gewysig deur na item 7(4) die volgende by te voeg:

"(5) Vir die skoonmaak van onbeboude standplase in die besit en op versoek van Staats- of Provinsiale Departemente, per ha, per jaar: R10."

PB. 2-4-2-81-5

Administrateurskennisgewing 1497 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BOKSBURG: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 63 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Lisensies en Beheer oor Besighede van die Munisipaliteit Boksburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1036 van 23 Desember 1953, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur Hoofstuk II deur die volgende te vervang:

2. By the substitution for subitem (1) of item 7 of the following:

"(1)(a) The owner of any of the agricultural holdings or portions of such holdings set out in paragraphs (a) to (g) inclusive and (i) of subitem (2) shall, in addition to the applicable charges payable in terms of items 1 to 4 inclusive, pay a basic charge of R1,35 per month in respect of each holding or portion of a holding.

(b) The owner of any of the agricultural holdings or portions of such holdings set out in paragraph (h) of subitem (2) shall, in addition to the applicable charges payable in terms of items 1 to 4 inclusive, pay a basic charge of R1,85 per month in respect of each holding or portion of a holding."

3. By the insertion after item 7(2)(h) of the following:

"(i) *Slaterville Agricultural Holdings: Holding 11.*"

4. By the substitution in item 9 for the expression "items 1 to 6 inclusive" of the expression "items 1 to 4 inclusive".

5. By the renumbering of the existing items 4, 5, 6, 7, 8 and 9 to read 2, 3, 4, 5, 6 and 7 respectively.

PB. 2-4-2-104-6

Administrator's Notice 1496 17 November, 1976

BOKSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Boksburg Municipality published under Administrator's Notice 664, dated 24 June 1970, as amended, is hereby further amended by the addition after item 7(4) of the following:

"(5) For the cleaning of undeveloped properties owned by and at request of State or Provincial Departments, per ha, per annum: R10."

PB. 2-4-2-81-5

Administrator's Notice 1497 17 November, 1976

BOKSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 63 of the Licences Ordinance, 1974, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Licences and Business Control of the Boksburg Municipality, published under Administrator's Notice 1036, dated 23 December 1953, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for Chapter II of the following:

“HOOFSTUK II.

HEFFING VAN GELDE MET BETREKKING TOT DIE INSPEKSIE VAN ENIGE BESIGHEIDSPERSEEL SOOS BEOOG BY ARTIKEL 14(4) VAN DIE ORDONNANSIE OP LISENSIES, 1974.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie hoofstuk, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

“Ordonnansie” die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), en enige woord of uitdrukking het die betekenis wat in genoemde Ordonnansie daaraan geheg word;

“Raad” die Stadsraad van Boksburg en omvat die Bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is.

Inspeksiegelde.

2. Iemand wat ingevolge die Ordonnansie by 'n Lisensieraad, ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie, aansoek doen vir die uitreiking aan hom van 'n nuwe lisensie om 'n besigheid binne die munisipaliteit te dryf, moet aan die Raad die toepaslike geld, in die bylae hierby voorgeskryf, vir die inspeksie van die besigheidspersel ten opsigte waarvan sodanige aansoek gedoen word, betaal, en sodanige geld moet aan die Raad betaal word voordat enige sodanige inspeksie uitgevoer word.

Tydstip waarop Gelde betaalbaar is.

3. Die gelde betaalbaar ingevolge artikel 2, moet aan die Raad gelyktydig met die indiening van die aansoek om 'n nuwe lisensie by die Sekretaris van die Lisensieraad betaal word; Met dien verstande dat die Raad die geld aan die applikant terugbetaal indien geen inspeksie, soos beoog in artikel 14(4) van die Ordonnansie, uitgevoer word nie.

Voorlegging van Kwitansie.

4. Iemand wat ingevolge artikel 2 aanspreeklik is vir die betaling van enige gelde en wat dit betaal het soos in die bylae hierby voorgeskryf, moet van die Raad 'n kwitansie daarvoor verkry, en kan te eniger tyd gedurende die jaar van uitreiking, teen betaling van 'n bedrag van 50c, van die Raad 'n duplikaat van sodanige kwitansie verkry.

Kwitansie moet op Aanyraag getoon word.

5. Niemand aan wie 'n kwitansie ingevolge artikel 4 uitgereik is, mag, wanneer hy deur 'n behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad by sy besigheidsplek te eniger tyd voor die toestaan van die lisensie daartoe versoek word, in gebreke bly om sodanige kwitansie of 'n duplikaat daarvan, uitgereik ingevolge genoemde artikel, te toon nie.

BYLAE.

INSPEKSIEGELDE VIR BESIGHEIDSPERSELE.

Vir elke aansoek of kombinasie van aansoeke om 'n nuwe handelslisensie, ten opsigte van elke besigheids-persel: R10.”

“CHAPTER II.

LEVYING OF FEES RELATING TO THE INSPECTION OF ANY BUSINESS PREMISES AS CONTEMPLATED IN SECTION 14(4) OF THE LICENCES ORDINANCE, 1974.

Definitions.

1. For the purposes of this chapter, unless the context otherwise indicates —

“Council” means the Town Council of Boksburg and includes the Management Committee of that Council or any officer employed by the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

“Ordinance” means the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974), and any word or expression has the meaning assigned thereto in the said Ordinance.

Inspection Fees.

2. Any person who, in terms of the Ordinance makes application to a Licensing Board, established in terms of the provisions of the Ordinance, for the issue to him of a new licence to carry on a business within the municipality, shall pay to the Council the appropriate fee prescribed in the Schedule hereto for the inspection of the business premises in respect of which such application is made and such fee shall be paid to the Council before any such inspection is made by it.

When fees are Payable.

3. The fee payable in terms of section 2, shall be paid to the Council simultaneously with the lodging of the application for a new licence with the Secretary of the Licensing Board: Provided that the Council shall refund the fee to the applicant if no inspection, as contemplated in section 14(4) of the Ordinance, is carried out.

Furnishing of Receipt.

4. Any person who in terms of section 2 is liable to pay and has paid any fees specified in the Schedule hereto, shall obtain from the Council a receipt therefor and may at any time during the year of issue, on payment of the sum of 50c, obtain from the Council a duplicate of such receipt.

Receipt to be Produced on Demand.

5. No person to whom a receipt has been issued in terms of section 4 shall fail to produce such receipt or a duplicate thereof issued in terms of the said section, on being thereto required by a duly authorized officer of the Council at his place of business at any time prior to the granting of the licence.

SCHEDULE.

INSPECTION FEES FOR BUSINESS PREMISES.

For every application or combination of application for a new trading licence in respect of every business premises: R10.”

2. Deur Hoofstuk III te skrap.
3. Deur Bylaes 1, 3 en 4 te skrap.
4. Deur in item 1(2) van die Tarief van Gelde vir Huurmotors onder Bylae 5 die syfer "5c" deur die syfer "8c" te vervang.

PB. 2-4-2-97-8

Administrateurskennisgewing 1498 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: WYSIGING VAN VERORDENINGE INSAKE DIE VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge insake die Vasstelling van Gelde vir die Uitreiking van Sertifikate en die Verskaffing van Inligting van die Munisipaliteit Brakpan, afgekondig by Administrateurskennisgewing 690 van 25 Junie 1969, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 8 van die Bylae die syfer "0.50" deur die syfer "2.00" te vervang.

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat, tree op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan in werking.

PB. 2-4-2-40-9

Administrateurskennisgewing 1499 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit Brakpan deur die Raad aangeneem, by Administrateurskennisgewing 828 van 26 Oktober 1966, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikels 1, 2(8) en 2(9) die woord "organizer", waar dit ook al voorkom, deur die woord "Direkteur" te vervang.

2. Deur in artikel 6 die syfer "5c" deur die woorde "tien sent" te vervang en die voorbehoudsbepaling daarby te skrap.

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat, tree op die eerste dag van die maand na datum van publikasie hiervan in werking.

PB. 2-4-2-55-9

Administrateurskennisgewing 1500 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939,

2. By the deletion of Chapter III.

3. By the deletion of Schedules 1, 3 and 4.

4. By the substitution in item 1(2) of the Tariff of Charges for Motor Cabs under Schedule 5 for the figure "5c" of the figure "8c".

PB. 2-4-2-97-8

Administrator's Notice 1498 17 November, 1976

BRAKPAN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR FIXING FEES FOR THE ISSUING OF CERTIFICATES AND FURNISHING OF INFORMATION.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for Fixing Fees for the Issuing of Certificates and Furnishing of Information of the Brakpan Municipality, published under Administrator's Notice 690, dated 25 June, 1969, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 8 under the Schedule for the figure "0.50" of the figure "2.00".

The provisions in this notice contained, shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

PB. 2-4-2-40-9

Administrator's Notice 1499 17 November, 1976

BRAKPAN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Library By-laws of the Brakpan Municipality adopted by the Council under Administrator's Notice 828 of 26 October 1966, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in sections 1, 2(8) and 2(9) for the word "organizer" wherever it occurs, of the word "Director".

2. By the substitution in section 6 for the figure "5c" of the words "ten cents" and the deletion of the proviso thereto.

The provisions in this notice contained shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

PB. 2-4-2-55-9

Administrator's Notice 1500 17 November, 1976

BRAKPAN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the

die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Brakpan, afgekondig by Administrateurskennissgewing 11 van 12 Januarie 1949, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 8 van Hoofstuk 2 onder Deel I die syfers "£50" en "£2" onderskeidelik deur die syfers "R300" en "R10" te vervang.

PB. 2-4-2-77-9

Administrateurskennissgewing 1501 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: WYSIGING VAN STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Straat- en Diverse Verordeninge van die Munisipaliteit Brakpan, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennissgewing 1775 van 7 November 1973, word hierby gewysig deur in artikel 38 die syfer "R100" deur die uitdrukking "R300 en in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n boete van hoogstens R10 per dag vir elke dag, wat die misdryf voortduur." te vervang.

Die bepalinge in hierdie kennissgewing vervat, tree op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan in werking.

PB. 2-4-2-80-9

Administrateurskennissgewing 1502 17 November 1976

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN DIE MEER, PARKE, TUINE, KAMPPLEK EN OOPRUIMTES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Regulering van die Meer, Parke, Tuine, Kampplek en Oopruimtes van die Munisipaliteit Brakpan, afgekondig by Administrateurskennissgewing 1640 van 11 Oktober 1973, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 20(2) die syfer "R1,50" deur die syfer "R2" te vervang.

2. Deur artikels 38, 39 en 40 te skrap.

3. Deur artikels 41 en 42 deur die volgende te vervang:

"41. Niemand mag 'n merk of toekenning of 'n kennissgewing wat aangebring is vir die toepassing van hierdie verordeninge, skend, bevuil, uitwis of op 'n ander wyse minder leesbaar maak of daaraan peuter nie.

by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Brakpan Municipality, published under Administrator's Notice 11, dated 12 January 1949, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 8 of Chapter 2 under Part I for the figures "£50" and "£2" of the figures "R300" and "R10" respectively.

PB. 2-4-2-77-9

Administrator's Notice 1501 17 November, 1976

BRAKPAN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Street and Miscellaneous By-laws of the Brakpan Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1775, dated 7 November 1973, are hereby amended by the substitution in section 38 for the figure "R100" of the expression "R300 in the case of a continuing offence to a fine not exceeding R10 per day for each day during which the offence continues."

The provisions in this notice contained shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

PB. 2-4-2-80-9

Administrator's Notice 1502 17 November, 1976

BRAKPAN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE REGULATION OF THE LAKE, PARKS, GARDENS, CAMPING SITE AND OPEN SPACES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Regulation of the Lake, Parks, Gardens, Camping Site and Open Spaces of the Brakpan Municipality, published under Administrator's Notice 1640, dated 11 October 1973, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 20(2) for the figure "R1,50" of the figure "R2".

2. By the deletion of sections 38, 39 and 40.

3. By the substitution for sections 41 and 42 of the following:

"41. No person shall deface, soil, obliterate or otherwise render less visible or interfere with any mark, sign or notice displayed for the purpose of these by-laws.

42. Iemand wat enige bepaling van hiërdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen of versuim om enige geld ingevolge hierdie verordeninge gehef, te betaal, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan in werking.

PB. 2-4-2-69-9

Administrateurskennisgewing 1503 17 November 1976

MUNISIPALITEIT CAROLINA: HERINDELING VAN WYKE

Die Administrateur maak hierby, ingevolge artikel 5(7) gelees met artikel 9, van die Ordonnansie op Munisipale Verkiezings, 1970, die nommers en grense van die wyke van die Munisipaliteit Carolina bekend soos bepaal deur die Kommissie wat deur die Administrateur ingevolge artikel 4, gelees met artikel 9, van genoemde Ordonnansie aangestel is, en soos in die bygaande Bylae uiteengesit.

PB. 3-6-3-2-11

BYLAE

MUNISIPALITEIT CAROLINA: BESKRYWING VAN WYKE

WYK 1

Met 'n aanvangspunt waar die Carolina-Chrissiesmeer-openbare pad die Carolina Dorp- en Dorpsgronde-grens kruis; vandaar in 'n noordelike en noordwestelike rigting al langs die middel van Carolina-Chrissiesmeer-openbare pad tot waar dit in Voortrekkerstraat aansluit. Daarvandaan met die middel van Voortrekkerstraat tot by Cardinaalstraat. Daarvandaan in 'n noordelike rigting met die middel van Cardinaalstraat tot by Van Riebeeckstraat. Daarvandaan in 'n westelike rigting met die middel van Van Riebeeckstraat tot by Visagiestraat. Daarvandaan in 'n suidelike rigting in die middel van Visagiestraat tot waar dit aansluit by Voortrekkerstraat. Daarvandaan met die middel van Voortrekkerstraat en die Carolina-Wonderfontein-openbare pad tot by 'n punt waar dit die Carolina Dorp- en Dorpsgronde-kruis. Vandaar in 'n algemeen oostelike, noordelike en dan suidelike rigting al langs die grense van die Carolina Dorp- en Dorpsgronde tot by die aanvangspunt.

WYK 2

Met 'n aanvangspunt waar die Carolina-Chrissiesmeer-openbare pad die Carolina Dorp- en Dorpsgronde-grens kruis; vandaar in 'n westelike, suidelike, noordelike en oostelike rigting al langs die grense van die Carolina Dorp- en Dorpsgronde tot by 'n punt waar die Carolina-Wonderfontein-openbare pad die grens kruis. Vandaar al langs die middel van die Wonderfontein-Carolina-openbare pad in 'n oostelike rigting en in die middel van Voortrekkerstraat tot by Visagiestraat. Vandaar in 'n noordelike rigting in die middel van Visagiestraat tot by Van Riebeeckstraat. Vandaar in 'n oostelike rigting in die middel van Van Riebeeckstraat tot by Cardinaalstraat. Daarvandaan in

42. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws or fails to pay any fees levied in terms of these by-laws, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R50 or imprisonment for a period not exceeding 3 months."

The provisions in this notice contained shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

PB. 2-4-2-69-9

Administrator's Notice 1503 17 November, 1976

CAROLINA MUNICIPALITY: RE-DIVISION OF WARDS

The Administrator hereby makes known in terms of section 5(7), read with section 9, of the Municipal Elections Ordinance, 1970, the numbers and boundaries of the wards of the Carolina Municipality as determined by the Commission appointed by the Administrator in terms of section 4, read with section 9, of the said Ordinance and as set forth in the Schedule hereto.

PB. 3-6-3-2-11.

SCHEDULE

CAROLINA MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF WARDS

WARD 1

Commencing at the intersection of Carolina-Lake Chrissie-Public Road and Carolina Town and Townlands; thence north and north-westwards along the middle of Carolina-Lake Chrissie-Public Road up to where it adjoins Voortrekker Street. Thence along the middle of Voortrekker Street up to Cardinaal Street. Thence northwards along the middle of Cardinaal Street up to Van Riebeeck Street. Thence westwards along the middle of Van Riebeeck Street up to Visagie Street. Thence southwards along the middle of Visagie Street to where it adjoins Voortrekker Street. Thence along the middle of Voortrekker Street and the Carolina-Wonderfontein-Public Road to the point where it intersects Carolina Town and Townlands. Thence in a general eastern, northern and southern direction along the boundaries of Carolina Town and Townlands to the point of commencement.

WARD 2

Commencing at the intersection of Carolina-Lake Chrissie-Public Road and the Carolina Town and Townlands; thence west, south, north and eastwards along the boundaries of Carolina Town and Townlands up to the intersection of Carolina-Wonderfontein-Public Road and the boundary. Thence eastwards along the middle of Wonderfontein-Carolina-Public Road and along the middle of Voortrekker Street up to Visagie Street. Thence northwards along the middle of Visagie Street up to Van Riebeeck Street. Thence eastwards along the middle of Van Riebeeck Street up to Cardinaal Street. Thence south-

'n suidelike rigting in die middel van Cardinaalstraat tot by Voortrekkerstraat. Vandaar in 'n oostelike rigting in die middel van Voortrekkerstraat en daarna in die middel van die Carolina-Chrissiesmeer-openbare pad tot by die aanvangspunt.

Administrateurskennisgewing 1504, 17 November 1976

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Carletonville, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Deel III van Bylae B deur die volgende te vervang:

"DEEL III"

HUISHOUDELIKE RIOOLVUILNIS

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar rioolstelsels is wat met die Raad se vuilriole verbind is of, volgens die Raad se opinie, verbind kan word, moet, benewens die gelde wat ingevolge ander Dele van hierdie Bylae gevorder word, ook die volgende gelde betaal:

	Per Halfjaar R
1. Woonhuise (elk)	10,38
2. Woonstelle:	
(1) Per woonstel	10,38
(2) Bediendekwartiere, per spoelkloset of pan	10,38
3. Huurkamerhuise of kamers wat afsonderlik as woonplek verhuur word: Vir elke woonvertrek, uitgesonderd kombuise, badkamers, spense en latrines, maar insluitende balkonne wat toegemaak is en woonvertreke wat deur die bediendes van huurders bewoon word, waarvan die vloeroppervlakte nie 20 m ² oorskry nie	6,60
Met dien verstande dat, indien die vloeroppervlakte van so 'n woonvertrek 20 m ² oorskry, die gelde daarvoor bereken word asof dit twee woonvertreke is.	
4. Saamgestelde persele wat uit woonstelle, huurkamerhuise of kamers wat afsonderlik as woonplek verhuur word, en besigheidspersele onder dieselfde dak bestaan:	
(1) Vir elke woonstel	10,38
(2) Vir elke woonvertrek, soos dit in item 3 omskryf word	6,60
Met dien verstande dat, indien die vloeroppervlakte van so 'n woonvertrek 20 m ² oorskry, die gelde daar-	

wards along the middle of Cardinaal Street up to Voortrekker Street. Thence eastwards along the middle of Voortrekker Street and thence along the middle of Carolina-Lake Chrissie-Public Road to the point of commencement.

Administrator's Notice 1504 17 November, 1976

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Carletonville Municipality, published under Administrator's Notice 509, dated 1 August 1962, as amended, are hereby further amended by the substitution for Part III of Schedule B of the following:

"PART III"

DOMESTIC SEWAGE

The owner of any land or buildings having a drainage installation thereon which is or, in the opinion of the Council, can be connected to the Council's sewers, shall be liable to pay the following charges in addition to charges imposed in terms of other parts of this Schedule:

	Per Half-year R
1. Dwelling houses (each)	10,38
2. Residential Flats:	
(1) Per flat	10,38
(2) Servants quarters per water closet or pan	10,38
3. Lodging houses or rooms separately let as lodgings: For each living-room, excluding kitchens, bathrooms, pantries and lavatories but including balconies which have been closed in and rooms occupied by servants of tenants of which the area does not exceed 20 m ²	6,60
Provided that any such living-room exceeding 20 m ² in area shall be charged for as if it were two living-rooms.	
4. Composite premises comprising both residential flats, lodging-houses or rooms separately let as lodgings, and business premises under one roof:	
(1) For each flat	10,38
(2) For each living-room as specified in item 3	6,60
Provided that any such living-room exceeding 20 m ² in area, shall be charged for as if it were two living-rooms.	

	Per Halfjaar R
voor bereken word asof dit twee woonvertrekke is.	
(3) Vir elke 200 m ² of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte in die gebou, insluitende enige kelder- of tussenverdieping, wat vir besigheidsdoeleindes gebou, aangepas of ingerig is	10,92
5. Ongelisensieerde hotelle en hul byggeboue en losieshuise en hul byggeboue: Vir elke 200 m ² of gedeelte daarvan van hul totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	12,78
6. Hotelle en klubs wat ingevolge die Drankwet, 1928 (Wet 30 van 1928), soos gewysig, gelisensieer is: Vir elke 200 m ² of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	12,78
7. Saamgestelde persele wat uit hotelle of klubs wat gelisensieer is soos voornoem, en besigheidsperselle onder dieselfde dak bestaan:	
(1) Vir elke 200 m ² , of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping, wat vir hotel- of klubdoeleindes gebou, aangepas of ingerig is	12,78
(2) Vir elke 200 m ² , of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping, wat vir besigheidsdoeleindes, uitgesonderd vir 'n hotel of klub, gebou, aangepas of ingerig is	10,92
8. Koshuise (dit wil sê, losieshuise wat deel uitmaak van 'n opvoedkundige inrigting): Vir elke 200 m ² , of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	10,92
9. Besigheids- of nywerheidsperselle, uitgesonderd dié wat uitdruklik elders in hierdie deel van die bylae gemeld word: Vir elke 200 m ² , of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	10,92
10. Kerke of geboue wat uitsluitend vir openbare godsdiensdoelinge gebruik word, elk	10,38
11. Sale wat gebruik word vir doeleindes wat met godsdiens verband hou en waaruit geen inkomste verkry word nie, elk	10,38
12. Sale waaruit inkomste verkry word: Vir elke 200 m ² , of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	10,92
13. Liefdadigheidsinrigtings wat behoorlik by wet as sodanig geregistreer is:	7,50
(1) Vir die eerste 20 inwoners of minder	7,50
(2) Vir elke daaropvolgende 20 inwoners of minder	7,50
Vir die berekening van hierdie gelde omvat die woord 'inwoners' ook in-	

	Per Half- year R
(3) For every 200 m ² , or part thereof, of the total floor areas in the building, including any basement or mezzanine floor, constructed, adapted or laid out for use for business purposes	10,92
5. Unlicensed hotels and their annexes and boarding houses and their annexes: For every 200 m ² or part thereof of their total floor area, including any mezzanine floor or basement	12,78
6. Hotels and clubs licensed under the Liquor Act, 1928 (Act 30 of 1928), or any amendment thereof: For every 200 m ² or part thereof, of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	12,78
7. Composite premises comprising hotels or clubs licensed as aforesaid and business premises under the same roof:	
(1) For every 200 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement constructed, adapted or laid out for hotel or club purposes	12,78
(2) For every 200 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement constructed, adapted or laid out for business purposes other than those of the hotel or club	10,92
8. Hostels (being boarding establishments forming part of an educational institution): For every 200 m ² , or part thereof, of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	10,92
9. Business or industrial premises other than those specifically mentioned elsewhere in this part of the Schedule: For every 200 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	10,92
10. Churches or buildings used exclusively for public worship, each	10,38
11. Halls used for purposes connected with religion and from which no revenue is derived, each	10,38
12. Halls from which revenue is derived: For each 200 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	10,92
13. Charitable institutions duly registered as such according to law:	
(1) For the first 20 inmates or less	7,50
(2) For every succeeding 20 inmates or less	7,50
For the purposes of this charge the expression 'inmates' includes resident staff and	

	Per Halfjaar R
wonende personeel en bediendes, en moet die getal inwoners bereken word volgens hulle gemiddelde daaglikse totaal gedurende die tydperk van ses maande wat die tydperk waarvoor die geld gevorder word, onmiddellik voorafgaan, en moet die getal deur die persoon wat beheer oor die inrigting het, as juis gesertifiseer word.	
14. Opvoedkundige inrigtings:	
(1) Vir die eerste 20 persone of minder, soos hieronder omskryf	10,38
(2) Vir elke daaropvolgende 20 persone, soos voornoem of minder	10,38
Vir die berekening van hierdie gelde beteken die woord 'persone' dagstudente of leerlinge, kosgangers, personeel en bediendes, of hulle inwoon of nie, en hul getal word bereken op die wyse wat hierbo vir liefdadigheidsinrigtings voorgeskryf is.	
15. Sportterreine wat aan klubs behoort, uitgesonderd dié wat aan opvoedkundige inrigtings behoort en deur hulle studente of leerlinge gebruik word:	
(1) Per spoelkloset of -pan	10,38
(2) Per urinaalvak of -kompartement	9,24
16. Openbare latrines, insluitende die wat aan die Raad behoort of deur hom beheer word:	
(1) Per spoelkloset of -pan	10,38
(2) Per urinaalvak of -kompartement	9,24
17. Persele wat vir 'n meubelopbergbesigheid gebruik word: Vir elke 500 m ² , of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	10,92
18. Bantoekampongs:	
(1) Vir die eerste 20 inwoners of minder aan wie daar huisvesting verskaf word	10,38
2. The charges prescribed in terms of item 1 shall be payable only if the said charges are not already payable in terms of the provisions of any other of the Council's by-laws."

PB. 2-4-2-167-13

Administrator's Notice 1515 17 November, 1976

EDENVALE MUNICIPALITY: BY-LAWS FOR THE LEVYING OF FEES RELATING TO THE INSPECTION OF ANY BUSINESS PREMISES AS CONTAINED IN SECTION 14(4) OF THE LICENCES ORDINANCE, 1974.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 63 of the Licences Ordinance, 1974, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

“Ordonnansie” die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), en enige woord of uitdrukking het die betekenis wat in genoemde Ordonnansie daaraan geheg word;

“Raad” die Stadsraad van Edenvale en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is.

Inspeksiegelde.

2. Iemand wat ingevolge die Ordonnansie by 'n Lisensieraad, ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie, aansoek doen vir die uitreiking aan hom van 'n nuwe lisensie om 'n besigheid binne die munisipaliteit te dryf, moet aan die Raad die toepaslike geld, in die Bylae hierby voorgeskryf, vir die inspeksie van die besigheidspersoneel ten opsigte waarvan sodanige aansoek gedoen word, betaal en sodanige gelde moet aan die Raad betaal word voordat enige inspeksie uitgevoer word.

Tydstip waarop gelde betaalbaar is.

3. Die gelde betaalbaar ingevolge artikel 2, moet aan die Raad gelyktydig met die indiening van die aansoek om 'n nuwe lisensie by die Sekretaris van die Lisensieraad, betaal word: Met dien verstande dat die Raad die geld aan die applikant terugbetaal indien geen inspeksie, soos beoog in artikel 14(4) van die Ordonnansie, uitgevoer word nie.

Voorlegging van Kwitansie.

4. Iemand wat ingevolge artikel 2 aanspreeklik is vir die betaling van enige gelde en wat dit betaal het soos in die Bylae hierby voorgeskryf, moet van die Raad 'n kwitansie daarvoor verkry, en kan te eniger tyd gedurende die jaar van uitreiking teen betaling van 'n bedrag van 50c van die Raad 'n duplikaat van sodanige kwitansie verkry.

Kwitansie moet op Aanvraag Getoon word.

5. Niemand aan wie 'n kwitansie ingevolge artikel 4 uitgereik is mag, wanneer hy deur 'n behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad by sy besigheidsplek te eniger tyd voor die toestaan van die lisensie daartoe versoek word, in gebreke bly om sodanige kwitansie of 'n duplikaat daarvan, uitgereik ingevolge genoemde artikel, te toon nie.

Herroeping van Bestaande Verordeninge

6. Die Verordeninge vir die Lisensiering van en Toesig oor die Regulering van en Beheer oor Besighede, Bedrywe, Beroepe en Werk van die Munisipaliteit Edenvale, afgekondig by Administrateurskenningsgewing 820 van 21 Desember 1949, soos gewysig, word hierby herroep.

BYLAE.

Inspeksiegelde vir Besigheidspersele.

1. Vir die eerste inspeksie: R10.
2. Vir die tweede en daaropvolgende inspeksies: Gratis.

PB. 2-4-2-97-13

Definitions.

1. In these by-laws, unless inconsistent with the context —

“Council” means the Town Council of Edenvale and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

“Ordinance” means the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974), and any word or expression has the meaning assigned thereto in the said Ordinance.

Inspection Fees.

2. Any person who, in terms of the Ordinance makes application to a Licensing Board, established in terms of the provisions of the Ordinance, for the issue to him of a new licence to carry on a business within the municipality, shall pay to the Council the appropriate fee prescribed in the Schedule hereto for the inspection of the business premises in respect of which such application is made and such fee shall be paid to the Council before any such inspection is made by it.

When Fees are payable.

3. The fee payable in terms of section 2, shall be paid to the Council simultaneously with the lodging of the application for a new licence with the Secretary of the Licensing Board: Provided that the Council shall refund the fee to the applicant if no inspection, as contemplated in section 14(4) of the Ordinance, is carried out.

Furnishing of Receipt.

4. Any person who in terms of section 2 is liable to pay and has paid any fees specified in the Schedule hereto, shall obtain from the Council a receipt therefor and may at any time during the year of issue, on payment of the sum of 50c, obtain from the Council a duplicate of such receipt.

Receipt to be Produced on Demand.

5. No person to whom a receipt has been issued in terms of section 4 shall fail to produce such receipt or a duplicate thereof issued in terms of the said section, on being thereto required by a duly authorized officer of the Council at his place of business at any time prior to the granting of the licence.

Revocation of By-laws.

6. The By-laws for the Licensing of and for the Supervision, Regulation and Control of Businesses, Trades, Occupations and Work of the Edenvale Municipality, published under Administrator's Notice 820, dated 21 December 1949, as amended, are hereby revoked.

SCHEDULE.

Inspection Fees for Business Premises.

1. For the first inspection: R10.
2. For the second and subsequent inspections: Free of Charge.

PB. 2-4-2-97-13

Administrateurskennisgewing 1516 17 November 1976

MUNISIPALITEIT ERMELO: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hieronder uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit Ermelo, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 908 van 23 November 1966, word hierby soos volg gewysig:

1. Deur in artikels 1, 2(8) en 2(9) die woord "organisor", waar dit ook al voorkom, deur die woord "Direkteur" te vervang.

2. Deur in artikel 6 die woorde "minstens drie sent" deur die woorde "tien sent" te vervang en die voorbehoudsbepaling daarby te skrap.

PB. 2-4-2-55-14

Administrateurskennisgewing 1517 17 November 1976

MUNISIPALITEIT HEIDELBERG: HERINDELING VAN WYKE.

Administrateurskennisgewing 1381 van 27 Oktober 1976, word hierby verbeter deur —

(a) in die tweede en derde laaste reëls van die omskrywing van Wyk 5 die woord "Merzstraat", waar dit ookal voorkom, deur die woord "Maréstraat" te vervang; en

(b) in die agste laaste reël in die Engelse teks van die omskrywing van Wyk 8 die volgende woorde te skrap:

"the south-western boundary to where it joins Graham Avenue; thence in a north-easterly direction along"

PB. 3-6-3-2-15

Administrateurskennisgewing 1518 17 November 1976

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 57 van 10 Januarie 1973, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur subartikel (2) van artikel 3 deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) (a) Die heffing betaalbaar vir die lewering moet ooreenkomstig die tarief van gelde wees. Met dien verstande dat wanneer die gelde wat in die tarief voorgeskryf word, gewysig word deur 'n wysiging van hierdie verordeninge, die nuwe gelde van toepassing is vanaf die datum waarop sodanige wysiging afgekondig word. Voorts met dien verstande dat wanneer die eenheidstariewe in

Administrator's Notice 1516 17 November, 1976

ERMELO MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Library By-laws of the Ermelo Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 908, dated 23 November 1966, are hereby amended as follows:

1. By the substitution in sections 1, 2(8) and 2(9) for the word "organizer", wherever it occurs, of the word "Director".

2. By the substitution in section 6 for the words "not less than three cents" of the words "ten cents" and the deletion of the proviso thereto.

PB. 2-4-2-55-14

Administrator's Notice 1517 17 November, 1976

HEIDELBERG MUNICIPALITY: RE-DIVISION OF WARDS.

Administrator's Notice 1381 of 27 October 1976, is hereby corrected by —

(a) the substitution in the second and third last lines of the Afrikaans text of the description of Ward 5 for the word "Merzstraat", wherever it occurs, of the word "Maréstraat"; and

(b) the deletion in the eighth last line of the description of Ward 8 of the following words:

"the south-western boundary to where it joins Graham Avenue; thence in a north-easterly direction along"

PB. 3-6-3-2-15

Administrator's Notice 1518 17 November, 1976

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Johannesburg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 57, dated 10 January, 1973, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for subsection (2) of section 3 of the following subsection:

"(2) (a) The charges payable for the supply shall be in accordance with the tariff. Provided that whenever the charges prescribed in the tariff are amended by an amendment to these by-laws, the new charges shall apply with effect from the date of promulgation of such amendment. Provided further that whenever the unit charges in the tariff are adjusted as contemplated in items 1(3)

die tarief van gelde aangepas word soos beoog in items 1(3)(e), 2(3)(b), 3(2)(f) en 4(2)(d) van Deel I van die Tarief van Gelde, sodanige aangepaste tariewe van toepassing is vanaf die datum waarop die styging of verlaging in die gelewerde steenkoolprys wat tot sodanige aanpassings aanleiding gegee het, van krag geword het.

(b) Vir die doeleindes van die toepassing van 'n gewysigde of aangepaste tarief soos beoog by die voorbehoudsbepalings by paragraaf (a), word daar geag dat 'n verbruiker dieselfde hoeveelheid elektrisiteit gedurende elke tydperk van vier en twintig uur tussen meteraflæsings verbruik het."

2. Deur die laaste sin in items 1(3)(e), 2(3)(b), 3(2)(f) en 4(2)(d) van Deel I van die Tarief van Gelde onder die Bylae te skrap.

3. Ondanks die bepalings in paragrawe 1 en 2 in hierdie kennisgewing vervat, bly die bestaande verordeninge van krag vir sover dit betref enige prysstyging of prysverlaging soos beoog in items 1(3)(e), 2(3)(b), 3(2)(f) en 4(2)(d) van Deel I van die Tarief van Gelde onder die Bylae by die verordeninge wat van krag geword het voor die wysigings in genoemde paragrawe geldig geword het, asof geen wysigings afgekondig is nie.

PB. 2-4-2-36-2

Administrateurskennisgewing 1519 17 November 1976

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN GASVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge en Regulasies insake Gasvoorsiening, -tarief, die aanbring van gassyleidings, -toevoerpype en gastoestelle van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 885 van 3 Oktober 1951, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur subartikel (3) van artikel 13 deur die volgende te vervang:

"(3)(a) Die gelde wat ingevolge die tarief uiteengesit in die eerste bylae by hierdie hoofstuk voorgeskryf word, moet vir gas wat gelewer is betaal word, en gas word in die geval van elke ooreenkoms wat kragtens subartikel (2) gesluit is, gelewer op voorwaarde dat die bedrag daarvoor wat die verbruiker aan die Raad verskuldig is, betaal word op die wyse wat voorgeskryf word ingevolge subartikel (4) gelees met artikel 34(2): Met dien verstande dat wanneer die gelde vir die lewering van gas, voorgeskryf ingevolge die tarief, deur 'n wysiging van hierdie verordeninge gewysig word, die nuwe gelde van toepassing is vanaf die datum waarop sodanige wysiging afgekondig word: Voorts met dien verstande dat wanneer die gelde in die tarief aangepas word soos beoog in item 1(4) van die Tarief van Gelde, sodanige aangepaste gelde van toepassing is vanaf die datum waarop die styging of verlaging in die gelewerde steenkoolprys wat tot sodanige aanpassing aanleiding gegee het, van krag geword het.

(e), 2(3)(b), 3(2)(f) and 4(2)(d) of Part I of the Tariff of Charges; such adjusted charges shall apply with effect from the date upon which the increase or decrease in the delivered price of coal, giving rise to such adjustment, come into effect.

(b) For the purpose of applying an amended or adjusted charge as contemplated in the proviso's to paragraph (a), it shall be deemed that the same amount of electricity is consumed by a consumer during every period of twenty-four hours between meter readings."

2. By the deletion of the last sentence in items 1(3)(e), 2(3)(b), 3(2)(f) and 4(2)(d) of Part I of the Tariff of Charges under the Schedule.

3. Notwithstanding the provisions of paragraphs 1 and 2 of this notice contained, the existing by-laws shall remain in force in respect of any price increase or decrease contemplated in items 1(3)(e), 2(3)(b), 3(2)(f) and 4(2)(d) of Part I of the Tariff of Charges under the Schedule to the by-laws, which came into effect prior to the commencement of the amendments in the said paragraphs, as if no such amendments had been promulgated.

PB. 2-4-2-36-2

Administrator's Notice 1519 17 November, 1976

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO GAS BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws and Regulations Governing the Gas Supply, Tariff, Installation of Gas Services, Supply Pipes and Gas Appliances of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 885, dated 3 October 1951, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for subsection (3) of section 13 of the following:

"(3)(a) The charges payable for gas consumed shall be as prescribed in terms of the tariff set out in the first schedule to this chapter, and it shall be a condition of the supply of gas in terms of every agreement entered into terms of subsection (2) that payment therefor by the consumer to the Council shall be effected in the manner prescribed in terms of subsection (4), read with section 34(2): Provided that whenever the charges for the consumption of gas prescribed in the tariff are amended by an amendment to these by-laws, the new charges shall apply with effect from the date of promulgation of such amendment: Provided further that whenever the charges in the tariff are adjusted as contemplated in item 1(4) of the Tariff of Charges, such adjusted charges shall apply with the effect from the date upon which the increase or decrease in the delivered price of coal, giving rise to such adjustment, came into effect."

(b) Vir die doeleindes van die toepassing van gewysigde of aangepaste gelde soos beoog by paragraaf (a), word daar geag dat die verbruiker dieselfde hoeveelheid gas gedurende elke tydperk van vier en twintig uur tussen meteraflesings, verbruik het."

2. Deur die eerste bylae by Hoofstuk III soos volg te wysig:

(a) Deur die inleidende paragraaf wat soos volg lei, te skrap:

"Die gelde in hierdie bylae uiteengesit is ingevolge artikel 19(4) betaalbaar deur 'n verbruiker vir alle gas verbruik na die eerste gewone aflesing van die meter in die maand wat volg op die datum van afkondiging hiervan."

(b) Deur die laaste sin in item 1(4) te skrap.

3. Ondanks die bepalings in paragrawe 1 en 2 van hierdie kennisgewing vervat, bly die bestaande verordeninge van krag vir sover dit betref enige prysstyging of prysverlaging soos beoog in item 1(4) van die eerste bylae by Hoofstuk III van die verordeninge wat van krag geword het voor die wysigings in genoemde paragrawe geldig geword het, asof geen wysigings afgekondig is nie.

PB. 2-4-2-46-2

Administrateurskennisgewing 1520 . 17 November 1976

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 787 van 18 Oktober 1950, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur subartikel (3) van artikel 22 deur die volgende te vervang:

"(3)(a) Daar moet vir water wat gelewer is ooreenkomstig die tarief wat van tyd tot tyd voorgeskryf word, betaal word, en water word in die geval van elke ooreenkoms wat kragtens subartikel (2) gesluit is, gelewer op voorwaarde dat die bedrag daarvoor wat die verbruiker aan die Raad verskuldig is, betaal word op die wyse wat voorgeskryf word by subartikel (4), gelees met artikel 53(2): Met dien verstande dat wanneer die gelde vir die lewering van water voorgeskryf ingevolge genoemde tarief, deur 'n wysiging van hierdie verordeninge of deur 'n besluit kragtens artikel 81(1A) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), gewysig word, die nuwe gelde vanaf die publikasiedatum van sodanige wysigings, of vanaf die datum van sodanige besluit, na gelang van die geval, van toepassing is.

(b) Vir die doeleindes van die toepassing van enige nuwe gelde soos beoog in die voorbehoudsbepaling by paragraaf (a), word daar geag dat 'n verbruiker dieselfde hoeveelheid water gedurende elke tydperk

(b) For the purpose of applying an amended or adjusted charge as contemplated in the proviso to paragraph (a), it shall be deemed that the same amount of gas is consumed by a consumer every period of twenty-four hours, between meter readings."

2. By amending the first schedule to Chapter III as follows:-

(a) By the deletion of the introductory paragraph which reads as follows:

"The charges set out in this schedule shall, in terms of section 19(4), be payable by a consumer for all gas consumed after the first ordinary reading of the meter in the month following the date of publication hereof."

(b) By the deletion of the last sentence in item 1(4).

3. Notwithstanding the provisions in paragraphs 1 and 2 of this notice contained, the existing by-laws shall remain in force in respect of any price increase or decrease, contemplated in item 1(4) of the first schedule to Chapter III of the by-laws, which came into effect prior to the commencement of the amendments in the said paragraphs, as if no such amendments had been promulgated.

PB. 2-4-2-46-2

Administrator's Notice 1520

17 November, 1976

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 787, dated 18 October 1950, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for subsection (3) of section 22 of the following:

"(3)(a) The charges payable for water consumed shall be as prescribed in the tariff from time to time and it shall be a condition of the supply of water in terms of every agreement entered into in terms of subsection (2) that payment therefor by the consumer to the Council shall be effected in the manner prescribed in terms of subsection (4), read with section 53(2): Provided that whenever the charges for the supply of water prescribed in the tariff are amended by an amendment to these by-laws, or by a resolution in terms of section 81(1A) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), the new charges shall apply with effect from the date of promulgation of such amendment, or with effect from the date of such resolution, as the case may be.

(b) For the purpose of applying new charges as contemplated in the proviso to paragraph (a), it shall be deemed that the same amount of water is

van vier en twintig uur tussen die meteraflesings verbruik het."

2. Deur paragraaf (c) van item 1(5) van Aanhangsel V onder Bylae 1 by Hoofstuk 3 te skrap.

PB. 2-4-2-104-2

Administrateurskennisgewing 1521 17 November 1976

MUNISIPALITEIT LYDENBURG: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Lydenburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 884 van 16 November 1960, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in die eerste paragraaf van Aanhangsel C die uitdrukking "45 per sent" deur die uitdrukking "90 persent" te vervang.

PB. 2-4-2-34-42

Administrateurskennisgewing 1522 17 November 1976

MUNISIPALITEIT LYDENBURG: WYSIGING VAN SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre- en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Lydenburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 690 van 20 Augustus 1952 soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 2 die syfer "R1" deur die syfer "R1,50" te vervang.

PB. 2-4-2-81-42

Administrateurskennisgewing 1523 17 November 1976

MUNISIPALITEIT LYDENBURG: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Lydenburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van die Tarief van Gelde onder Aanhangsel XII van Bylae 1 by Hoofstuk 3 deur die volgende te vervang:

"2. *Heffings vir die Lewering van Water, per Maand.*

(1) Aan enige verbruiker, uitgesonderd soos in sub-items (2) en (3) bepaal;

(a) Vir die eerste 9 kl of gedeelte daarvan: Geen heffing.

consumed by a consumer during every period of twenty-four hours between meter readings."

2. By the deletion of paragraph (c) of item 1(5) of Annexure V under Schedule 1 to Chapter 3.

PB. 2-4-2-104-2

Administrator's Notice 1521 17 November, 1976

LYDENBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Lydenburg Municipality, published under Administrator's Notice 884, dated 16 November 1960, as amended, are hereby further amended by the substitution in the first paragraph of Annexure C for the expression "45 per cent" of the expression "90 per cent".

PB. 2-4-2-34-42

Administrator's Notice 1522 17 November, 1976

LYDENBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVAL TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removal Tariff of the Lydenburg Municipality, published under Administrator's Notice 690, dated 20 August 1952, as amended, is hereby further amended by the substitution in item 2 for the figure "R1" of the figure "R1,50".

PB. 2-4-2-81-42

Administrator's Notice 1523 17 November, 1976

LYDENBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Lydenburg Municipality, published under Administrator's Notice 1044, dated 19 November 1952, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 2 of the Tariff of Charges under Annexure XII of Schedule 1 to Chapter 3 of the following:

"2. *Charges for the Supply of Water, per Month.*

(1) To any consumer, except as provided in sub-items (2) and (3):

(a) For the first 9 kl or part thereof: No charge.

(b) Daarna, per kl: 20c.

(2) Aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë: Per kl: 20c.

(3) Aan nywerhede geleë in die Nywerheidsgebied noord van die Gholfspriet: Per kl: 35c.

(4) Vir die toepassing van die gelde betaalbaar ingevolge subitems (1) tot en met (3), word die bestaande watermeters wat in gelling registreer, in eenhede van 2 000 gelling afgelees en word geag dat genoemde hoeveelheid gelyk is aan 9 kl."

PB. 2-4-2-104-42

Administrateurskennisgewing 1524 17 November, 1976

MUNISIPALITEIT NIGEL: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Nigel, afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 10 Januarie 1940, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Skaal van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur items 1 tot en met 4 deur die volgende te vervang:

"1. Teraardebestellings.

Blankes,
Kleurlinge
en Asiërs
R

(1) *Persone woonagtig binne die munisipaliteit:*

(a) Volwassene 20,00

(b) Kind 15,00

(2) *Persone woonagtig buite die munisipaliteit:*

(a) Volwassene 40,00

(b) Kind 30,00

2. Bespreking van Grafte.

(1) Volwassene 10,00

(2) Kind 6,00

3. Tweede Teraardebestelling.

(1) Volwassene 20,00

(2) Kind 6,00

4. *Onderhoud van Grafte (Uitgesluit Onderhoud van Gedenkstele), per Jaar.*

Turf en Blomme
R

(1) Volwassene 10,00

(2) Kind 6,00"

2. Deur in item 5 —

(b) Thereafter, per kl: 20c.

(2) To the South African Railways: Per kl: 20c.

(3) To industries situated in the Industrial Area north of the Golf creek: Per kl: 35c.

(4) For the purpose of the charges payable in terms of subitems (1) to (3) inclusive, the existing water meters registering in gallons shall be read in units of 2 000 gallons which shall be deemed to be equal to 9 kl."

PB. 2-4-2-104-42

Administrator's Notice 1524 17 November, 1976

NIGEL MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Cemetery By-laws of the Nigel Municipality, published under Administrator's Notice 11, dated 10 January 1940, as amended, are hereby further amended by amending the Scale of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution for items 1 to 4 inclusive of the following:

"1. Interments.

Whites,
Coloureds
and Asians
R

(1) *Persone resident in the municipality:*

(a) Adult 20,00

(b) Child 15,00

(2) *Persone resident outside the municipality:*

(a) Adult 40,00

(b) Child 30,00

2. Reservation of Graves.

(1) Adult 10,00

(2) Child 6,00

3. Second Interment.

(1) Adult 20,00

(2) Child 6,00

4. *Maintenance of Graves (Maintenance of Memorial Work Excluded), per Year.*

Turf and Flowers
R

(1) Adult 10,00

(2) Child 6,00"

2. By the substitution in item 5 —

- (a) in subitem (4) die uitdrukking "8 voet" deur die uitdrukking "2,5 m" te vervang; en
- (b) in subitem (5) die woord "voet" en die uitdrukking "8 voet" onderskeidelik deur die uitdrukking "300 mm" en "2,5 m" te vervang.

PB. 2-4-2-23-23

Administrateurskennissgewing 1525 17 November 1976

MUNISIPALITEIT NIGEL: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Nigel, afgekondig by Administrateurskennissgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die *Gelde vir Werk* onder Bylae C soos volg te wysig:

1. Deur in item 2(1) die uitdrukking "(1) Op weksdae" deur die uitdrukking "(1) Op weksdae van 07h00 tot 16h00" te vervang.

2. Deur subitem (2) van item 2 deur die volgende te vervang:

"(2) Op Sondae en openbare vakansiedae, asook weksdae tussen die ure 16h00 en 07h00:

(a) Vir die eerste halfuur (met inbegrip van reistyd): R12.

(b) Vir elke halfuur of gedeelte daarvan daarna: R6."

PB. 2-4-2-34-23

Administrateurskennissgewing 1526 17 November 1976

MUNISIPALITEIT NABOOMSPRUIT: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE- EN HONDELISENSIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Honde- en Hondelisesies van die Munisipaliteit Naboomspruit, afgekondig by Administrateurskennissgewing 161 van 30 Januarie 1974, word hierby gewysig deur subitem (1) en (2) van item 2 onder die Bylae deur die volgende te vervang:

"(1) *Reuns en Gesteriliseerde Teef.*

(a) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef: R2.

(b) Daarna, per reun of gesteriliseerde teef: R5.

(2) *Teef (nie gesteriliseerd nie).*

Per teef: R20."

PB. 2-4-2-33-64

(a) in subitem (4) for the expression "8 feet" of the expression "2,5 m"; and

(b) in subitem (5) for the word "foot" and the expression "8 feet" of the expressions "300 mm" and "2,5 m" respectively.

PB. 2-4-2-23-23

Administrator's Notice 1525 17 November, 1976

NIGEL MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Nigel Municipality, published under Administrator's Notice 509, dated 1 August 1962, as amended, are hereby further amended by amending the *Work Charges* under Schedule C as follows:

1. By the substitution in item 2(1) for the expression "(1) Weekdays" of the expression "(1) Weekdays 07h00 to 16h00:"

2. By the substitution for subitem (2) of item 2 of the following:

"(2) Sundays and public holidays, as well as weekdays between 16h00 and 07h00:

(a) For the first half hour (including travelling time): R12.

(b) For every half hour or part thereof thereafter: R6."

PB. 2-4-2-34-23

Administrator's Notice 1526 17 November, 1976

NABOOMSPRUIT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DOG AND DOG LICENCES BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Dog and Dog Licences By-laws of the Naboomspruit Municipality, published under Administrator's Notice 161, dated 30 January, 1974, are hereby amended by the substitution for subitems (1) and (2) of item 2 under the Schedule of the following:

"(1) *Male Dogs and Spayed Bitches.*

(a) For the first male dog or spayed bitch: R2.

(b) Thereafter, per male dog or spayed bitch: R5.

(2) *Bitches (not spayed).*

Per bitch: R20."

PB. 2-4-2-33-64

Administrateurskennisgewing 1527 17 November 1976

MUNISIPALITEIT NYLSTROOM: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Nylstroom, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 27 van 3 Januarie 1973, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 14 van die Tarief van Gelde onder die Bylae die uitdrukking "20%" deur die uitdrukking "30%" te vervang.

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat, word geag op 1 Julie 1976, in werking te getree het.

PB. 2-4-2-36-65

Administrateurskennisgewing 1528 17 November 1976

MUNISIPALITEIT NELSPRUIT: WYSIGING VAN TARIEF VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Tarief vir die Lewering van Elektrisiteit van die Munisipaliteit Nelspruit, afgekondig onder Bylae 3 van Administrateurskennisgewing 491 van 1 Julie 1953, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur na item 8(7) die volgende in te voeg:

"(8) 'n Toeslag van 15% word gehef op die gelde betaalbaar ingevolge hierdie item."

2. Deur na item 16 die volgende by te voeg:

"17. Verdere Bykomende Toeslag.

'n Verdere bykomende toeslag van 5% op alle bedrae betaalbaar ingevolge items 1 tot en met 5, gelees met items 13, 14, 15 en 16, word gehef."

PB. 2-4-2-36-22

Administrateurskennisgewing 1529 17 November 1976

MUNISIPALITEIT OTTOSDAL: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitstarief van die Munisipaliteit Ottosdal, afgekondig by Administrateurskennisgewing 86 van 6 Februarie 1963, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur paragraaf D deur die volgende te vervang:

Administrator's Notice 1527

17 November, 1976

NYLSTROOM MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Nylstroom Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 27, dated 3 January 1973, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 14 of the Tariff of Charges under the Schedule for the expression "20%" of the expression "30%".

The provisions in this notice contained shall be deemed to have come into operation on 1 July, 1976.

PB. 2-4-2-36-65

Administrator's Notice 1528 17 November, 1976

NELSPRUIT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TARIFF FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Tariff for the Supply of Electricity of the Nelspruit Municipality, published under Schedule 3 of Administrator's Notice 491, dated 1 July, 1953, as amended, is hereby further amended as follows:

1. By the insertion after item 8(7) of the following:

"(8) A surcharge of 15% shall be levied on the charges payable in terms of this item."

2. By the addition after item 16 of the following:

"17. Further Additional Surcharge.

A further additional surcharge of 5% on all amounts payable in terms of items 1 to 5 inclusive, read with items 13, 14, 15 and 16, shall be levied."

PB. 2-4-2-36-22

Administrator's Notice 1529

17 November, 1976

OTTOSDAL MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Tariff of the Ottosdal Municipality, published under Administrator's Notice 86, dated 6 February 1963, as amended, is hereby further amended by the substitution for paragraph D of the following:

"D. 'n. maandelikse toeslag op die totale bedrag gehef in gevolge tariefgroepe A, B en C soos volg:

- (a) met ingang van 1 April 1976: 17%.
- (b) met ingang van 1 September 1976: 24%."

PB. 2-4-2-36-100

Administrateurskennisgewing 1530 17 November 1976

TOEPASSING VAN STANDAARD BOUVERORDENINGE OP DIE GESONDHEIDSKOMITEE VAN SECUNDA.

Die Administrateur maak hierby in gevolge artikel 126A(2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 164(3) van genoemde Ordonnansie, die Standaard Bouverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1993 van 7 November 1974, met die volgende wysigings op die Gesondheidskomitee van Secunda van toepassing as regulasies van genoemde Komitee:

Deur in item 1(1)(b)(i), (ii) en (iii) van Aanhangsel VII onder Bylae 2 die syfers "50c", "30c" en "20c" onderskeidelik deur die syfers "R1", "60c" en "40c" te vervang.

PB. 2-4-2-19-245

Administrateurskennisgewing 1531 17 November 1976

TOEPASSING VAN STANDAARDMELKVERORDENINGE OP DIE GESONDHEIDSKOMITEE VAN SECUNDA.

Die Administrateur maak hierby in gevolge artikel 126A(2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 164(3) van genoemde Ordonnansie, die Standaardmelkverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1024 van 11 Augustus 1971, soos gewysig, by Administrateurskennisgewing 569 van 26 April 1972, op die Gesondheidskomitee van Secunda van toepassing as regulasies van genoemde Komitee.

PB. 2-4-2-28-245

Administrateurskennisgewing 1532 17 November 1976

TOEPASSING VAN STANDAARDVOEDSELHANTERINGSVERORDENINGE OP DIE GESONDHEIDSKOMITEE VAN SECUNDA.

Die Administrateur maak hierby in gevolge artikel 126A(2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 164(3) van genoemde Ordonnansie, die Standaardvoedselhanteringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1317 van 16 Augustus 1972, op die Gesondheidskomitee van Secunda van toepassing as regulasies van genoemde Komitee.

PB. 2-4-2-176-245

Administrateurskennisgewing 1533 17 November 1976

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby in gevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, ge-

"D. a monthly surcharge on the total amount levied in terms of Tariffs A, B and C as follows:

- (a) with effect from 1 April 1976: 17%.
- (b) with effect from 1 September 1976: 24%."

PB. 2-4-2-36-100

Administrator's Notice 1530 17 November, 1976

APPLICATION OF STANDARD BUILDING BY-LAWS TO THE SECUNDA HEALTH COMMITTEE.

The Administrator hereby, in terms of section 126A(2) of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 164(3) of the said Ordinance, makes the Standard Building By-laws, published under Administrator's Notice 1993, dated 7 November 1974, with the following amendment, applicable to the Secunda Health Committee as regulations of the said Committee:

By the substitution in item 1(1)(b)(i), (ii) and (iii) of Appendix VII under Schedule 2 for the figures "50c", "30c" and "20c" of the figures "R1", "60c" and "40c" respectively.

PB. 2-4-2-19-245

Administrator's Notice 1531 17 November, 1976

APPLICATION OF STANDARD MILK BY-LAWS TO THE SECUNDA HEALTH COMMITTEE.

The Administrator hereby, in terms of section 126A(2) of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 164(3) of the said Ordinance, makes the Standard Milk By-laws, published under Administrator's Notice 1024, dated 11 August 1971, as amended by Administrator's Notice 569, dated 26 April 1972, applicable to the Secunda Health Committee as regulations of the said Committee.

PB. 2-4-2-28-245

Administrator's Notice 1532 17 November, 1976

APPLICATION OF STANDARD FOOD-HANDLING BY-LAWS TO THE SECUNDA HEALTH COMMITTEE.

The Administrator hereby, in terms of section 126A(2) of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 164(3) of the said Ordinance, makes the Standard Food-handling By-laws, published under Administrator's Notice 1317, dated 16 August 1972, applicable to the Secunda Health Committee, as regulations of the said Committee.

PB. 2-4-2-176-245

Administrator's Notice 1533 17 November, 1976

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section

lees met artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2158 van 6 Desember 1972, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 20(2) na die uitdrukking "word," die volgende, by te voeg:

"Sodanige koste sluit in die koste verbonde aan transformatore, skakeltuig, meters en alle ander toerusting benodig vir die toevoer."

2. Deur na Deel P van die Tarief van Gelde onder Bylae 2 die volgende by te voeg:

"Q gelde beskikbaar vir die lewering van elektrisiteit aan persele geleë binne die gebied van Hammanskraal.

1. Basiese Heffing.

'n Basiese heffing per erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, wat deur die Landmeter-generaal goedgekeur is, en wat by die hooftoevoerleiding aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik word al dan nie, word soos volg gehef:

Erfgrootte in m ²	Per jaar
(a) Tot en met 1 000	72,00
(b) Bo 1 000 tot en met 2 000	86,40
(c) Bo 2 000 tot en met 3 000	102,00
(d) Erf No. 12 (12 922)	180,00
(e) Erf No. 285 (19 716)	480,00
(f) Erf No. 311 (17 153)	300,00
(g) Erf No. 339 (32 694)	720,00
(h) Erf No. 340 (33 483)	720,00

2. Huishoudelike Verbruikers.

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan —

- 'n woonhuis;
- 'n woonstel of 'n woonstelgebou;
- 'n tehuis van 'n liefdadigheidsinrigting;
- 'n verpleeginrigting of 'n hospitaal;
- 'n privaathotel;
- 'n losieshuis;
- 'n woonklub;
- 'n koshuis;
- 'n kerk of 'n kerksaal;
- 'n klub; en
- 'n openbare saal.

16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrators) of 1945, publishes the By-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Electricity By-laws of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, adopted by the Board by Administrator's Notice 2158, dated 6 December 1972, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the addition in section 20(2) after the expression "authorized." of the following:

"Such cost shall include the cost of all transforming, switching, metering and other equipment necessary for the supply."

2. By the addition after Part P of the Tariff of Charges under Schedule 2 of the following:

"Q charges payable for the supply of electricity to premises situated within the area of Hammanskraal.

1. Basic Charge.

A basic charge per erf, stand, lot or other area, with or without improvements, that has been approved by the Surveyor-General, and which is or, in the opinion of the Board, can be connected to the supply main, whether electricity is consumed or not, shall be levied as follows:

Size of erf in m ²	Per annum
(a) Up to and including 1 000	72,00
(b) Over 1 000 up to and including 2 000	86,40
(c) Over 2 000 up to and including 3 000	102,00
(d) Erf No. 12 (12 922)	180,00
(e) Erf No. 285 (19 716)	480,00
(f) Erf No. 311 (17 153)	300,00
(g) Erf No. 339 (32 694)	720,00
(h) Erf No. 340 (33 483)	720,00

2. Domestic Consumers.

(1) This tariff shall be applicable in respect of electricity supplied or made available to:

- a dwelling;
- a flat or a block of flats;
- a home run by a charitable institution;
- a nursing home or a hospital;
- a private hotel;
- a boarding-house;
- a residential club;
- a hostel;
- a church or a church hall;
- a club; and
- a public hall.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:

- (a) Vaste heffing, of elektrisiteit verbruik word of nie, per aansluitingspunt: R15.
- (b) Verbruikersheffing, per eenheid: 2,75c.

3. Handels-, Nywerheids- en Algemene Verbruikers.

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan:

- (a) 'n gelisensieerde hotel;
- (b) 'n winkel of handelshuis;
- (c) 'n kantoorgebou;
- (d) 'n kafee, teekamer of restaurant;
- (e) 'n gekombineerde winkel en teekamer;
- (f) 'n nywerheids- of fabrieksonderneming;
- (g) 'n skool of onderwysinrigting; en
- (h) enige ander verbruiker wat nie onder hierdie item of items 3 of 4 ressorteer nie.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:

- (a) Vaste heffing, of elektrisiteit verbruik word of nie, per aansluiting: R16.
- (b) Verbruiksheffing, per eenheid: 3c.

4. Grootmaatverbruikers, per Maand.

Omvat 'n verbruiker wie se aanvraag vir elektrisiteit 40 kVA oorskry.

- (1) 'n Vaste heffing of elektrisiteit verbruik word of nie, per aansluiting: R16.
- (2) Aanvraagheffing, of elektrisiteit verbruik word of nie, per kVA van halfuurlikse maksimum aanvraag: R2,50, onderhewig aan 'n minimum heffing van R100.
- (3) Verbruiksheffing, per eenheid: 1,25c.

5. Tydelike Verbruikers.

- (1) Aansluitingsgeld: R40.
- (2) Verbruiksheffing, per eenheid: 5c.

6. Aansluitings.

- (1) Slegs ondergrondse kabel aansluitings word gemaak.
- (2) 'n Vordering van R150 is betaalbaar vir elke enkelfasige aansluiting, R180 vir 'n tweefasige aansluiting en R200 vir 'n driefasige aansluiting by die hooftoevoerleiding.
- (3) Die aansluiting word gemaak op die perseel in 'n meterkas, verskaf deur die verbruiker, waarvan die konstruksie en posisie deur die ingenieur goedgekeur is.

7. Heraansluitings.

Per heraansluiting: R5.

8. Toets van Meters.

